



eduresourceza.com

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
-----------------	-------------------	---	---

Hoe om hierdie hulpgids te gebruik

Poësie is 'n verpligte genre in die graad 12-eindeksamen. Dit is dus belangrik dat leerders weet hoe om 'n gedig te ontleed. Hierdie hulpgids bevat die volgende:

1. 'n Lys literêre tegnieke en ander poësieterme wat graad 12-leerders moet ken
2. 'n Stap-vir-stap-verduideliking van hoe om 'n gedig te ontleed
3. Wenke oor hoe om vir toetse en eksamens voor te berei
4. 'n Lys van die voorgeskrewe gedigte vir 2017

POËSIETERME, BEELDSPRAAK EN ANDER STYLFIGURE

Hier onder volg 'n lys literêre tegnieke en ander poësieterme wat graad 12-leerders moet ken. By elke inskrywing word ook 'n voorbeeld gegee, waarvan die meeste uit die voorgeskrewe gedigte geneem is. Die lys is natuurlik nie volledig nie – leerders mag enige ander tegnieke en terme wat hulle ken in hulle ontledings gebruik.

DIE STRUKTUUR VAN DIE GEDIG

Titel

Die naam van 'n gedig

VOORBEELD: Ronelda Kamfer het 'n gedig geskryf met die titel:
"Thomas Daniel Granfield"

Versreël (ook digreël of reël)

Een reël (een ry woorde) in 'n gedig

VOORBEELD: Die woorde uit NP van Wyk Louw se "Nog in my laaste woorde" in die blokkie hier onder is een versreël.

Nog in my laaste woorde sal jy wees,
nog in die laaste skeemring van my dink en weet, as ek alleen in die bitter vrees

Strofe

Versreëls wat saam gegroepeer is (soos 'n paragraaf in prosa)

Die strofes in 'n gedig is nie noodwendig almal ewe lank nie.

VOORBEELD: Hierdie strofes uit TT Cloete se gedig "eerste worp" bestaan uit twee, een en drie versreëls onderskeidelik.

soos beethoven of danté of rembrandt of bramanté ons het min onwerklike sagte drome
maar ons het uitgestrekte woestyne en krom grys bome wat houtbeen vasskop in die
droë sand en koets teen die son

Koeplet = twee versreëls

Tersine = drie versreëls

Kwatrijn = vier versreëls

Kwintet = vyf versreëls

Sestet = ses reëls

Septet = sewe versreëls

Oktaaf = agt versreëls

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

Rymskema

Die patroon van rymende woorde aan die einde van die versreëls van 'n gedig rym word bepaal deur die **klank** van 'n woord, NIE die **spelling** NIE.

Die rymskema kan alfabeties benoem word. Woorde wat rym, word met dieselfde letter aangedui.

VOORBEELD: Die rymskema van die kwatryn hier onder is **abab**.

op die sel se mure het iemand uitgekrap	a ("ap"-klank)
(of liever: ingekrap): sy naam en al die dae	b ("ae"-klank)
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap	a ("ap"-klank)
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae	b ("ae"-klank)

Tipografie

Hoe die gedig op die bladsy vertoon

Dit is die sigbare vorm of buitelyne van die gedig.

VOORBEELD: Kyk na die verskil tussen die eerste twee strofes uit Susan Smith se gedig "Eva Herbenoem":

kyk, dis maar net 'n boom, nie waar nie?

boom, sou sy sê 'n mooi boom met skadukolle blare groen groen blare wind in die blare
sonlig in die blare

sonlig

skadukolle kolle koel

blare groen groen

blare

skerwe skuiwende sonlig tussen

blare

wind blare wind

'n *appel* tussen

skynend

glimmend groen

tussen groengroener koeler lommer

onder die bonkige bruin

stam

bruin

bruin bruin

stam

Vrye vers

'n Gedig sonder 'n vaste struktuur of eindrym

Die strofes, indien enige, van 'n vrye vers is nie noodwendig ewe lank nie.

Vrye vers het nie 'n geordende eindrympatroon nie.

VOORBEELD: Die gedig van Susan Smith hier bo is 'n vrye vers. Die rymskema van die eerste strofe is **abcddd** en dié van die tweede strofe is **efgdhdihiigjklkl**.

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

Sonnet

Italiaanse sonnet

h Gedig met **14 versreëls** (gewoonlik in een strofe) wat in h **oktaaf** en h **sestet** verdeel kan word. Die rymskema van die **oktaaf** is altyd **abbaabba**.

Die rymskema van die **sestet** het **twee of drie rymklanke**, sodat verskillende rymskemas moontlik is. Hierdie sonnet word ook die **Petrargiese sonnet** genoem.

Engelse sonnet

h Gedig met **14 reëls** (gewoonlik in een strofe) wat in **drie kwartyne** en h **koeplet** verdeel kan word. Die rymskema van die **kwatryne** is altyd **abab cdcd efef**.

Die rymskema van die **koeplet** is altyd **gg**.

Hierdie sonnet word ook die **Shakespeariaanse sonnet** genoem.

VOORBEELD: NP van Wyk Louw se gedig "Nog in my laaste woorde" is h Engelse sonnet. Die blokkies hier onder dui die verdeling in kwatryne en h koeplet aan, NIE strofes NIE.

Nog in my laaste woorde sal jy **wees**, **a**
 nog in die laaste skeemring van my **dink** **b**
 en weet, as ek alleen in die bitter **vrees** **a**
 van sterwe lê, en al die mindre **sink** **b**

in my deur vaal vergetelheid: veel **haat**, **c**
 veel liefde wat kon waag om min te **vra**, **d**
 ure wat rus geken 't, of blote **daad**, **c**
 en nie die teken van jou onrus **dra**, **d**

o jy wat vlam was: skoon en sterk en **blind** **e**
 vir smart; wat alles tot jou beeltnis **brand**; **f**
 wat als kon eis en nooit volkome **vind** **e**
 versadiging! Dán weet ek het jou **hand** **f**

my jeug se oopgelate kring **voltooi**: **g**
 mooi is die lewe en die dood is **mooi**. **g**

Spreker

Die 'stem' wat in die gedig aan die woord is

Die spreker is NIE (altyd) die digter NIE, maar wel die 'verteller' in die gedig.

VOORBEELD: In Daniel Hugo se "Die huis luister" is die spreker h huis. Hier is strofe 1:

my kamers is hol soos h binne-oor
 ek hoor hoe die bewoners roesemoes
 liefde maak, verwyd, mekaar vertroos, skoor
 soek met die goor hede, nooit tevrede
 aanhou kibbel oor kon en sou en moes

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

Refrein

Een of meer reëls of strofes wat in 'n gedig herhaal word
Dit word veral in liedjies gebruik.

VOORBEELD: Uys Krige gebruik een versreël as refrein in sy gedig "Ken jy die see ...". Hier is die eerste paar strofes:

Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
en kalm soos min dinge hier benee,
maar hy's gevaarliker as vlam of vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur. (refrein)

Dié vrede, kalmer as 'n stil, soet kind,
lyk of dit dae, dae lank sal duur.
Maar word dié bries 'n bulderende wind,
dan veg jy vir jou lewe, uur na uur.

En jy sê nog, meneer, die vis is duur. (refrein)

KLANKEFFEKTE

Eindrym

Die herhaling van klanke in die laaste lettergreep of woorde in versreëls

Paarrym

Eindrym in opeenvolgende versreëls
Die rymskema is **aa bb cc**, ensovoorts.

VOORBEELD: DJ Opperman se "Vincent van Gogh"

Jy het as 'n miskende	a
heilige vergeefs geveg teen die ellende	a
en die onreg in die krotte van die myn ,	b
in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn	b

Kruisrym

Eindrym in alternatiewe versreëls
Die rymskema is **abab cdcd** ensovoorts.

VOORBEELD: Fanie Olivier se "besoekersboek" (tweede strofe)

wie was dié peter? waar kom pam vandaan?	c
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?	d
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan	c
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?	d

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

Omarmde rym

Eindrym waar die eerste en vierde, en tweede en derde reëls rym Die rymskema is **abba cddc**, ensovoorts

VOORBEELD: “Veels te vinnig vlieg tyd verby” deur Gert Strydom

Veels te vinnig vlieg tyd verby ,	a
verander vandag in môre, terwyl tyd aantik	b
verander oomblik op oomblik	b
word netnou van hierdie oomblik afgesny	a

Gebroke rym

Eindrym sonder 'n vaste patroon

VOORBEELD: Sheila Cussons – “Die sagte sprong” (Eerste vyf versreëls)

Dit kom wanneer dit nie verwag	a
word nie: 'n aanraking van die verstand	b
lig soos 'n veer, vlugtig maar presies	c
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent	d
dat die aandag nog lank daarna	e

Alliterasie (ook halfrym)

Die herhaling van die konsonantklanke aan die begin van woorde in 'n reël of sin

VOORBEELD: Die “s”-klank in:

Sannie sê Sannie sal sewe sakke sout eet.

Assonansie (ook halfrym)

Die herhaling van vokaalklanke Herhaalde kort vokale versnel die tempo, terwyl lang vokale dit vertraag.

VOORBEELD: Die lang “uu”-klank in:

Die gure buurvrou tuur suur oor die kompleksuur.

Onomatopée (ook klanknabootsing)

Woorde wat geluide naboots

VOORBEELD: Uit die bekende kinderliedjie “Ek’s ‘n dapper muis”:

En wat van ‘n lawaai soos ‘n haan wat kraai,

‘n ge**breek** en ‘n ge**kraak**

en iets wat “**tjiep-tjiep**” maak,

en ‘n ge**klingel** en ‘n ge**tingel**

en ‘n ge**kletter** en ‘n ge**knetter**

en ‘n **boems** en ‘n **kadoems**!

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

BEELDSPRAAK (DIE SKEP VAN WOORDBEELDE)

Vergelyking

Twee dinge (lewend of nielewend) of idees word met mekaar vergelyk
Die woorde "soos" of "so ... soos" word altyd in 'n vergelyking gebruik.

VOORBEELD: Uit Breyten Breytenbach se "n brief van hulle vakansie". Die ooms se afsterwe word vergelyk met kapok (ligte sneeu) wat in die son smelt:
My ooms sterf soos kapok in die son

Metafoor

Twee dinge of idees word vergelyk, maar die vergelyking word geïmpliseer
Die woord "soos" of "so ... soos" word NIE in 'n metafoor gebruik NIE.

VOORBEELD: Uit Breyten Breytenbach se "n brief van hulle vakansie". Die ruite word vergelyk met oë wat knip as die wind daarin waai. (Die skuinsstreep dui die begin van 'n nuwe versreël aan.)
met die ruite / donker knippende oë in die wind

Uitgebreide metafoor

'n Metafoor wat dwarsdeur 'n gedig (of gedeelte daarvan) uitgebou en volgehou word

VOORBEELD: In Elizabeth Eybers se gedig "Twee kleuters in die Vondelpark" is die swaan met sy weerkaatsing die water 'n uitgebreide metafoor van die seun en meisie se lewens. Dit lyk skynbaar dieselfde, maar staan ook in kontras met mekaar.

Personifikasie

Menslike eienskappe word aan nielewende dinge of abstrakte idees gekoppel

VOORBEELD: Uit DJ Opperman se "Vincent van Gogh". Aanbidding is iets wat mense doen. Koringgerwe kan nie werklik die son aanbid nie. (Die skuinsstreep dui die begin van 'n nuwe versreël aan.)
maar eers toe jy die koringgerwe / in aanbidding van die son kon verwe

Metonimia (ook oornoeming)

'n Ding (lewend of nielewend) of idee word deur 'n verwante woord voorgestel

VOORBEELD: Die seun in Elizabeth Eybers se "Twee kleuters in die Vondelpark" word as lid van die "kollektiewe Lilliput" beskryf. Lilliput beteken "klein" of "onbenullig" en word gebruik vir mense wat die oppervlakkige dinge in die lewe najaag. "Lilliput" word dus hier gebruik om die seun as volwassene uit te beeld. (Die skuinsstreep dui die begin van 'n nuwe versreël aan.)
dat hy lid / is van die kollektiewe Lilliput.

Sinekdogee (ook gedeeltelike aanduiding)

'n Gedeelte van 'n ding of idee word gebruik om die geheel uit te beeld

VOORBEELD: In NP van Wyk Louw se gedig, "Nog in my laaste woorde" is "laaste woorde" 'n verwysing na die laaste oomblikke voor die dood.
Nog in my **laaste woorde** sal jy wees,

WENK:

In **metonimia** word 'n nuwe, maar verwante woord gebruik om iets of iemand te beskryf. Hierdie woorde is dikwels eiename.

In **sinekdogee** word 'n deel van iets of iemand gebruik om die geheel te beskryf. Die woorde is gewoonlik soortname, veral liggaamsdele of liggaamsfunksies.

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

ANDER STYLFIGURE (ONGEWONE GEBRUIK VAN TAAL)

Letterlike teenoor figuurlike betekenis

Die letterlike en figuurlike betekenis van 'n beeld in 'n gedig kan tot verskillende interpretasies lei.

VOORBEELD: Die pa in Breyten Breytenbach se "n brief van hulle vakansie" het eelte.

Letterlike betekenis: Die pa is aktief, hardwerkend en sterk. Mens kry eelte van harde handarbeid – iets waarvoor jy sterk en gesond moet wees. Hierdie betekenis word ondersteun deur die volgende versreëls:

In my sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in 'n kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

want hys 'n bokser dokter boer
'n kaptein en 'n held 'n indoea tussen grysaards –

Figuurlike betekenis: Eelte is hard. Aan die einde van die gedig vertel die spreker hoe sy pa ná die dood van sy broers verander het. Die 'held' word nou "verskriklik". Die figuurlike betekenis van die eelte in die eerste strofe word nou duidelik: dat die pa 'n moeilik, harde mens geword het. Ons sien dit in die volgende reëls:
en my pa word stiller en meer verskriklik
van dop tot dop

en

my pa se stil en bitter krag

Enjambement

Wanneer een versreël aanloop na 'n volgende reël

Soms word dit gebruik om 'n woord(e) te beklemtoon of om in die gedig se rymskema te pas.

VOORBEELD: Kyk na die versreëls uit Elizabeth Eybers se "Twee kleuters in die Vondelpark" hier onder.
Dit is alles deel van een sin. Die woorde wat nou aan die begin en einde van die versreëls staan, word beklemtoon.

Versadig van die roerloze gesig
pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand
vir verdergaan, ...

Inversie (ook omgekeerde woordorde)

Die normale woordorde word omgekeer.

Dit word gebruik om 'n bepaalde effek te skep, woorde te beklemtoon of in die gedig se rymskema te pas.

VOORBEELD: Uit TT Cloete se "eerste worp". Gewoonlik sal mens sê "Ons geskiedenis is dun", maar deur "dun" eerste in die reël te plaas, word dit beklemtoon.

Dun is ons geskiedenis met min groot name

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

Eufemisme

’n Meer taktvolle of sensitiewe woord of frase vir ’n ongemaklike of onaangename ding of idee

VOORBEELD: Uit Peter Snyders se “versagtende omstandighede”. Die speker verwys na die hel as “om gebraai te word”.

En as ek te goed is
om gebraai te word

In Vernon February se “Reaksie” word amper dieselfde beeld gebruik:
tjy sê my ek sil eendag brand

Hiperbool

’n Buitensporige oordrywing om ’n sterk indruk te maak

’n Hiperbool word nie letterlik bedoel nie.

VOORBEELD: Uit Peter Snyders se “versagtende omstandighede”. Dit is nie regtig moontlik om heeldag net te vloek nie. Mens moet tog asemhaal en rus ook.

en waar amil perfek is
sal ek **heeldag vloek**,

Verbale/Retoriese ironie

Een ding word gesê, maar die teenoorgestelde word geïmpliseer.

Die bedoeling is dat die teenoorgestelde verstaan word.

VOORBEELD: ’n Tienermeisie se ma kondig aan dat hulle twee saam gaan inkopies doen. Sonder enige uitdrukking en met ’n toonlose stemtoon sê die meisie: “Jippie. Ek kan nie wag nie.” Dit is eintlik glad nie wat sy bedoel nie. Sy is alles behalwe opgewonde.

Situasionele ironie

Dit wat verwag word, verskil van dit wat werklik gebeur.

LET WEL: ’n Onverwagte insident is NIE ironies nie.

VOORBEELD: In DJ Opperman se gedig “Vincent van Gogh”: Dit is ironies dat Van Gogh as prediker misluk het, maar as kunstenaar naby aan God kon leef.

Oksimoron

Twee begrippe wat normaalweg teenoorgesteldes is, word saamgevoeg.

VOORBEELD: Uit “Twee kleuters in die Vondelpark” deur Elizabeth Eybers: ’n Oneindigheid is nie klein of kort nie, maar dié twee woorde saam vorm ’n treffende beeld van ’n oomblik wat soos ’n ewigheid voel.

Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
’n **klein oneindigheid** lank hand-in-hand.

Antitese (ook teenstelling)

Twee kontrasterende idees of frases word naas mekaar geplaas in byvoorbeeld ’n sin.

VOORBEELD: Uit NP van Wyk Louw se “Nog in my laaste woorde”: Twee aparte, kontrasterende beelde word langs mekaar gebruik.

veel haat / veel liefde

WENK: **oksimoron** = een beeld

antitese = twee kontrasterende beelde

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

Polisindeton

Herhaling van die woord 'en'

VOORBEELD: Uit NP van Wyk Louw se "Nog in my laaste woorde":
o jy wat vlam was: **skoon en sterk en blind**

RETORIESE MIDDELE

Herhaling

Woorde, frases of versreëls word herhaal om 'n bepaalde effek te skep.

VOORBEELD: Ronelda Kamfer herhaal die woorde "ek wou ... huil" in haar gedig "Thomas Daniel Granfield" in 'n paar versreëls om haar hartseer oor haar oupa se dood te beklemtoon.

ek wou vir dae aaneen huil
ek wou sy leeftyd uit huil
ek wou huil vir wie my oupa was
en vir wie hy kon wees
ek wou huil oor die onregverdigheid
en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir

Ellips

Woorde word uitgelaat en soms met 'n beletselteken (...) vervang.

VOORBEELD: Vernon February – "Reaksie": Die woorde "het jy" of "dra jy" is uitgelaat ná "wa'om".

ma ai, wa'om
daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie?

Parentese

Ekstra inligting word ingevoeg.

Dit word gewoonlik in tussen hakies of aandagstrepe geplaas.

VOORBEELD: "besoekersboek" – Fanie Olivier:
op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liever: ingekrap): sy naam en al die dae

Retoriese vraag

'n Vraag waarop geen antwoord verwag word nie

Die doel is om die leser te laat nadink oor 'n saak.

VOORBEELD: Sheila Cussons se "Sagte sprong" vra 'n vraag wat te groot vir die spreker is om te beantwoord:
hoe moet u vasvat wees?

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

HOE WORD 'n GEDIG ONTLEED?

Ontleding beteken om iets in besonderhede te ondersoek. In poësie beteken dit om 'n gedig se struktuur, inhoud en betekenis op 'n ingeligte manier te ondersoek met die doel om die gedig beter te verstaan en te waardeer.

ONTLEED 'n GEDIG IN AGT STAPPE

Stap 1: Lees die gedig

Lees die gedig ten minste twee keer deur. Poësie is 'n gekonsentreerde genre. Dit beteken daar word dikwels verskeie lae betekenis in die reëls opgesluit. Met elke leesslag gaan jy moontlik nuwe betekenis ontdek.

Lees die gedig hardop. (Dit werk nie in 'n eksamen nie!) Klank en ritme is belangrik in poësie en deur die gedig hardop te lees, ontdek jy dalk betekenis en patrone wat jy andersins so miskyk.

Stap 2: Letterlike betekenis

Voor jy die gedig as 'n geheel kan ontleed, moet jy eers al die woorde verstaan. Gebruik 'n goeie **woordeboek** en slaan die volgende woorde daarin na:

1. Woorde wat jy nie ken nie
2. Woorde waaroor jy onseker is
3. Woorde wat jy ken, maar wat moontlik ander betekenis ook kan hê

Skryf al die **betekenis** neer en kyk hoe jou begrip van die gedig verander het.

Lees die gedig weer, en maak notas oor die **woordkeuse** (diksie). Is daar woorde wat met mekaar verband hou? Word sommige woorde herhaal? Is daar woorde wat in kontras met mekaar staan?

As jy sover na die gedig as 'n geheel kyk, wat dink jy is die **tema/hoofgedagte** van die gedig?

Stap 3: Titel

Kyk na die **titel**. Hoe pas dit by die res van die gedig? Hoekom, dink jy, het die digter hierdie titel gekies? Watter ander inligting gee dit jou:

1. Watter verwagtinge skep die titel?
2. Verklap die titel waarom die gedig handel?
3. Vertel die titel iets van die vorm van die gedig (bv. 'n sonnet)?
4. Gee die titel nuwe betekenis aan die res van die gedig? Indien dit die geval is, teken hierdie addisionele betekenis aan.
5. Sluit die titel by die **tema** aan wat jy in stap 2 geformuleer het? Is dit dalk nodig om die tema aan te pas?

Stap 4: Wie is die spreker?

Poësie is fiksie, en die spreker is dus nie noodwendig die digter nie. Die spreker stem ooreen met 'n karakter in 'n drama of 'n prosawerk. Wie is die spreker in die gedig?

1. Is dit 'n man of 'n vrou? Volwassene of kind?
2. Word enige ander biografiese inligting gegee of geïmpliseer (soos nasionaliteit, godsdiens, ras, ens.)?
3. Spreek die spreker iets of iemand aan? Wie of wat?
4. Hoe sal jy die spreker se gemoedstoestand beskryf?
5. Probeer die spreker standpunt inneem, iemand van iets oortuig, of iemand tot aksie roep? Of is dit net 'n uitdrukking wat geen antwoord verwag nie?

Hoe, dink jy, beïnvloed die spreker die tema en inhoud van die gedig? Sou 'n ander spreker dieselfde effek gehad het?

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

Stap 5: Struktuur

Die struktuur van 'n gedig is meer as net 'n verpakking vir die inhoud. Kyk veral na die volgende:

1. Hoe lyk die **tipografie** van die gedig? 'n Reëlmatige patroon kan moontlik 'n ander 'gevoel' aan 'n gedig gee as 'n minder gestruktureerde tipografie. Wat, dink jy, is die funksie van die tipografie?
2. Is die gedig in **strofes** verdeel? Hoeveel? Hoeveel versreëls is daar in elke strofe?
3. Word enige versreëls of strofes **herhaal**? Is daar 'n refrein? Hoekom?
4. Stel vas uit hoeveel **sinne** die gedig bestaan. Word **enjambement** gebruik? Is daar enjambement tussen verskillende strofes? Hoekom?

Stap 6: Klankeffekte, ritme en rym

Lees weer die gedig hardop en maak aantekeninge oor die klank, ritme en rym.

1. Kyk na die **eindrym**. Skryf die rymskema langs die gedig neer. Wat vertel dit jou? Pas dit by die onderwerp en/of tema, of nie? Hoekom is dit gebruik?
2. Soek na **halfrym** in die gedig. Watter funksie het dit in die reël/strofe/gedig as geheel?
3. Soek na ander klankeffekte, soos **onomatopée** of **herhaling**. Probeer vasstel wat die funksie daarvan is.
4. Luister na die **ritme** van die gedig. Is daar 'n reëlmatige ritme, of nie? Hoekom?

Stap 7: Taalgebruik, beeldspraak, stylfigure, retoriese middele

Die gedig se figuurlike betekenis is ook belangrik. Identifiseer al die **beeldspraak**, **stylfigure** en **retoriese middele** wat in die gedig voorkom, asook enige **ongewone gebruik van taal**, selfs al ken jy nie die term daarvoor nie.

Besluit telkens die volgende:

1. Watter tegniek word gebruik?
2. Watter effek het dit op die letterlike betekenis?
3. Watter effek het dit op die figuurlike betekenis?
4. Watter effek het dit op die gedig as 'n geheel?
5. Hoekom is dit gebruik?

Soek na **patrone** en **herhalings**, asook **kontraste**.

Stap 8: Die gedig as 'n geheel

Noudat jy al die besonderhede ondersoek het, kan jy terugstaan en na die gedig as 'n geheel kyk. Waaroor handel die gedig? Wat, dink jy, was die digter se doel met hierdie gedig? Dink jy die gedig is geslaagd?

Jy kan nou ook jou eie reaksie op die gedig evalueer. Hou jy daarvan? Hoe laat dit jou voel? Het jy nou meer begrip vir 'n sekere aspek van die lewe, of nie? Sal jy soortgelyke gedigte wil lees? Het die gedig jou oortuig om iets te doen, op te hou doen of te begin doen?

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	---

HOE WORD POËSIE GEASSESEER?

TWEE SOORTE VRAE OOR POËSIE

In toetse en eksamens kan twee soorte poësievrae verwag word: kontekstuele vrae en 'n opstelvraag.

Kontekstuele vrae is kortvrae wat op die gedig gebaseer is, en fokus dikwels op die struktuur, stylfigure en betekenis van die gedig. Kontekstuele vrae kan oor 'n gesiene gedig (die voorgeskrewe gedigte) of 'n ongesiene gedig (een wat leerders vir die eerste keer in die toets of eksamen sien) gevra word. Kontekstuele vrae tel gewoonlik 1 tot 3 punte elk, en die antwoorde sal dus kort wees.

Voorbeelde van kontekstuele vrae

1. Watter stemming is oorheersend in die gedig?
2. Hoe ondersteun die rym die tema van die gedig?
3. Gee die funksie van die alliterasie in versreël 9.
4. Benoem die beeldspraak in versreël 11 en motiveer waarom die gebruik daarvan geslaagd is.
5. Herlees versreëls 10 tot 12. Wat is ironies in hierdie versreëls?
6. Die tema van die gedig is universeel. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee redes vir jou antwoord deur na die gedig te verwys.
7. Sê in jou eie woorde wat die figuurlike betekenis van "sy reëls" (versreël 2) is.
8. Benoem die klankeffek in versreël 5.
9. Tot watter insig kom die spreker in versreël 13? Motiveer jou antwoord.

Opstelvrae vereis meestal dat die gedig met verwysing na 'n sekere **tema, stylfiguur of stelling** ontleed word.

Voorbeelde van opstelvrae

1. In hierdie gedig ondersteun beelde, beeldspraak en stylfigure die tema van verlange. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde.
2. In die gedig word ironie en kontras geslaagd aangewend. Skryf 'n literêre opstel van 250 tot 300 woorde waarin jy die stelling hier bo bespreek.

DIE LITERÊRE OPSTEL

Hoe lyk 'n literêre opstel?

'n Literêre opstel is 'n kritiese, objektiewe bespreking van 'n gegewe onderwerp in die bestek van **200 tot 350 woorde**.

- Dit is NIE kreatiewe skryfwerk NIE. Die doel is om 'n standpunt te bewys deur die leerder se kennis van poësie en die voorbeelde uit die gegewe gedig te gebruik.
- Dit is NIE die leerder se persoonlike mening NIE. Lees die vraag baie deeglik. Vra dit die leerder om 'n stelling te verdedig? Of vra dit of die leerder met 'n stelling saamstem? In albei gevalle word 'n objektiewe bespreking vereis. Moenie "ek dink", "ek voel", ensovoorts gebruik nie.

GRAAD 12	KWARTAAL 2	AFRIKAANS HUISTAAL POËSIE HULPGIDS	
----------	------------	---------------------------------------	--

h Literêre opstel bestaan uit **drie hoofdele**:

- **Inleiding.** Noem duidelik waarom die opstel handel. Gebruik die woorde wat in die vraag genoem word.
- **Inhoud.** Struktureer die paragrawe versigtig. Bespreek een idee/argument per paragraaf. Begin met h onderwerpsin waarin h bewering gemaak word, en bewys dit dan met voorbeelde uit die gedig, ensovoorts.
- **Slot.** Dit is h kort opsomming van die argumente, asook h slotsin wat verduidelik hoe hierdie argumente die oorspronklike vraag beantwoord.

Nog wenke:

- Gebruik net dít wat in die gedig staan. Moenie na die digter se lewe/verlede ensovoorts verwys nie (tensy dit direk in die gedig bespreek word).
- Bewys elke stelling. As jy h bewering wil maak, maar jy kry nie h gepaste aanhaling uit die gedig om dit te bewys nie, moet dit liever nie gebruik nie.
- Beplan deeglik. Onthou, 200 tot 300 woorde is nie baie nie. Moenie jou inleiding en slot te lank maak nie, want dan is daar min spasie oor om die inhoud te bespreek.
- Proeflees jou werk.

VOORGESKREWE GEDIGTE 2017

Afrikaans Huistaal Graad 12

1. NP van Wyk Louw – “Nog in my laaste woorde”
2. DJ Opperman – “Vincent van Gogh”
3. Elisabeth Eybers – “Twee kleuters in die Vondelpark”
4. Breyten Breytenbach – “h brief van hulle vakansie”
5. TT Cloete – “eerste worp”
6. Sheila Cussons – “Die sagte sprong”
7. Fanie Olivier – “besoekersboek”
8. Ronelda Kamfer – “Thomas Daniel Granfield”
9. Adam Small – “Wie’s hy?”
10. Vincent Oliphant – “h vigslyer sterf”
11. Peter Snyders – “versagtende omstandighede”
12. Vernon February – “Reaksie”